LA RHONE LIMOUSINS

'jou vennoot in genetiese vooruitgang'

MAART 2012

Met groot dankbaarheid nader ons die einde van 'n goeie vrugteseisoen wat hoë eise aan ons en ons personeel gestel het. Hierdie somer word weer eens gekenmerk deur baie hoë temperature met gepaardgaande swak weiding. Ons beeste lyk nogtans steeds baie goed en ons sien uit na die eerste winterreën.

WORCESTER SKOU

Tydens die Wes-Kaap Kampioenskappe in Worcester het ons die Senior- en Raskampioen bul, Jockey vertoon, asook die junior kampioen bul, Lava, en die junior en Raskampioen koei, wat ook die junior kampioen interras vroulike dier was uit 8 rasse.



LR097 La Rhone Jockey op 30 maande

KUDDE

'n Groep koeie en verse is so pas ge-KI met Hitman, Zipman, DK0330, Ubu, Neuf en La Rhone Hawker. Drie jong bulle is geidentifiseer en word vanjaar in die kudde gebruik. LR097 Jockey is 'n mediumraam bul met 'n uitstaande haarkleed. Hy is 'n DK0330 seun uit een van die top koeie in ons kudde. LR1035 Leopard is een van die eerste Hitman seuns uit 'n DK0330 dogter. Hy beskik oor uitstekende manlikheid en 'n ongelooflike agterkwart. LR101 Lava is 'n FN0210 seun met besondere breedte, lengte, diepte en kwaliteit.

As ons kyk na die jong diere in ons kudde is dit baie duidelik dat die Hitman- en Humbug nageslag die beste is wat ons nog gehad het. FN0210 dogters bewys hulself ook keer op keer as ware staatmakers in ons stoet. Humbug vertolk huidiglik die rol as hoof stoetvaar op La Rhone en ons kan met redelike sekerheid sê dat van die beste vroulike diere wat nog op die plaas geteel is, dìe van Humbug is. Hy het reeds op 17 maande begin dek, aangesien dit op 'n baie vroeë stadium

duidelik was dat hy oor baie unieke eienskappe beskik, wat ons graag geneties in ons kudde wil vaslê.

LR1035 La Rhone Leopard op 24 maande

WêRELDNUUS

Dis goed om te sien hoe die ras waarvoor ons so lief is wêreldwyd van krag tot krag gaan. Die Limousin is tans by verre die grootste vaderlyn ras vir kruisteling in Europa. 'n Nuwe wêreld rekordprys vir 'n Limousinbul is onlangs behaal toe die 17 maande oue "Fabio" op 'n veiling vir die reusebedrag van £126 000 (ongeveer R1.4 miljoen) verkoop is. Sien dit op youtube (Limousin bull record).

ALGEMEEN

Ons het die afgelope tyd heelwat fotos via e-mail ontvang van ons kliënte en vriende wat wys hoe hul beeste en kalwers lyk. Baie dankie hiervoor! Volgens wat ons hoor, is daar dele van die Hoëveld en die Bosveld wat tans nog baie droog is. Baie sterkte vir julle daar – ons glo dat julle binnekort goeie reën sal ontvang. Ons het ook foto's van Namibië ontvang waar die Limousins kniediep en spekvet in die lang groen weiding loop. Dit is pragtig en ons is saam met julle bly oor die goeie reën daar.

Aan al ons medetelers wat in die komende tyd betrokke is by skoue, veilings, boeredae of uitstallings wil ons baie sterkte hiervoor toewens. Baie dankie vir julle groot bydrae tot die bekendstelling en uitbouing van ons ras. Moenie dink Limousins is beter as enige ander ras nie – ***weet dit!***

Baie dankie ook aan julle wat onlangs kom kuier het op La Rhone. Dit is vir ons baie lekker om saam met julle te kuier en deur die beeste te gaan. 'n Besoek aan die Wes-Kaap sonder om Limousins te sien bly 'n halwe besoek…..!

"Rooigoed is mooi goed, maar die geelbul bly die teelbul!"

"....still talking BULL and loving it !"

Andre, Trudene & AJ du Toit
Sel : 082 787 9207 / 072 3773 792 , e-mail: larhone@obiekwa.co.za

www.larhone.co.za